**KONSTITUSIE**

**van die**

**SWD Rugby Voetbal Unie**

## Inhoudsopgawe

**Interpretasie** ........ 3
**1. Naam** ........ 4
**2. Doelstellings en Funksies** ........ 4
**3. Jurisdiksie** ........ 4
**4. Affiliasie** ........ 4
**4.6 Promosie, Relegasie en Affiliasie van klubs** ........ 6
5 **Hoofkwartier** ........ 6
6 **Seksie-indeling** ........ 6
7 **Ampsdraers** ........ 6
**7.1 Verkiesings grondslag** ........ 6
**7.2 President en Vise-Presidente** ........ 7
**7.3 Uitvoerende Komitee** ........ 7
**7.4 Dagbestuur** ........ 8
**7.5 Keurkomitees** ........ 9
**8 Magte van die Uitvoerende BestuursKomitee** ........ 9
**8.1 Aanstelling van amptenare** ........ 9
**8.2 Toegangsgelde** ........ 9
**8.3 Beheer oor fondse** ........ 9
**8.4 Delegering** ........ 9
**8.5 Reëls en regulasies** ........ 9
**8.6 Onsportiewe gedrag** ........ 9
**8.7 Skorsing** ........ 10
**8.8 Kompetisie beheer** ........ 11
**8.9 Verering** ........ 11
**8.10 Ander aangeleenthede** ........ 11
**8.11 Vergaderings van die Uitvoerende Komitee** ........ 11

**9 Vergaderings** ... 11
**9.1 Algemene Jaarvergaderings (AJV)** ... 11
**9.1.5 Afgevaardigdes en verteenwoordigers** ... 12
**9.2 Algemene Jaarvergadering: Streke** ... 13
**9.3 Spesiale Algemene Vergadering** ... 13
**9.4 Voorsitters Forum** ... 14
**9.5 Kworums** ... 14
**9.6 Stemming by vergaderings** ... 14
**10 Finansies** ... 15
**10.1 Finansiële jaar** ... 15
**10.2 Subskripsies** ... 15
**10.3 Bankrekening** ... 15
**10.4 Ondertekening van dokumente** ... 15
**10.5 Ouditering** ... 15
**10.6 Reiskoste eise** ... 15
**11 Kleure, toekennings en kriteria** ... 16
**11.3 Kleure van klubs** ... 17
**12 Dissiplinêre Prosedures** ... 18
**13 Beserings** ... 18
**14 Wysiging van die Konstitusie** ... 19
**15 Mosie van wantroue** ... 19
**16 Maatskappy** ... 19
**17 Interpretasie** ... 20
**18 Ontbinding** ... 21

**Interpretasie**

By die interpretasie van hierdie grondwet, en tensy dit in stryd is met of teenstrydig is met die konteks

1.1.1 woorde wat die enkelvoud aandui ook die meervoud en omgekeerd aandui;

1.1.2 woorde wat die manlike geslag aandui sal ook die vroulike geslag aandui;

1.1.3 enige woorde omskryf in die Wet en nie gedefinieer is in hierdie grondwet, sal die betekenis wat daaraan toegeskryf is in die Wet dra, en

1.1.4 die opskrifte van klousules is slegs vir verwysingsdoeleindes en sal nie in ag geneem word in voltooiing van die grondwet.

Die volgende woorde en uitdrukkings sal nie, tensy die samehang anders blyk, het die volgende betekenisse:

"**amateur rugby**" beteken die spel gespeel, bestuur, beheer en ge-administreer word ingevolge die reëls van die spel van rugby unie soos gepromulgeer word deur Wêreldrugby en ingevolge die grondwet, by-wette, reëls en regulasies van Wêreldrugby, die grondwet en regulasies van SARU, en hierdie grondwet en reëls, regulasies en besluite geneem of geag word geneem te gewees het, in terme van hierdie grondwet, uitsluitende professionele rugby soos hierin omskryf;

"**professionele rugby**" beteken die spel gespeel, bestuur, beheer en ge-administreer ingevolge die reëls van die spel soos gepromulgeer deur Wêreldrugby en ingevolge die grondwet, by-wette, reëls en regulasies van Wêreldrugby, die grondwet en regulasies van SARU, hierdie grondwet en die reëls, regulasies en besluite geneem, of geag geneem te gewees het, in terme van hierdie grondwet, vir finansiële gewin, uitgesluit amateur rugby soos hierin omskryf, insluitend kommersiële aktiwiteite wat daarmee verband hou;

"**klub**" beteken 'n liggaam of organisasie wat 'n lid is van die unie, of geaffilieer is aan sodanige liggaam of organisasie;

“**WR**" beteken Wêreldrugby;

“**SARU**” beteken die Suid-Afrikaanse Rugby Unie;

“**Die Unie**” beteken die Suidwestelike Distrikte Rugbyvoetbal Unie;

"**speler**" beteken 'n rugby speler onder die jurisdiksie van SWD.

1. **Naam**

Die naam van die Unie is die SUID-WESTELIKE DISTRIKTE RUGBYVOETBAL UNIE, hierna “Die Unie” genoem.

2. **Doelstellings en Funksies**

2.1 Om die spel rugby, soos dit gespeel word ooreenkomstig die reëls van die spel en die wette van rugby oos goedgekeur deur die SARU, te beheer en bevorder.

2.2 Om wedstryde en kompetisies te reël en te laat afspeel, beheer en te bevorder, met insluiting van enige professionele/kommersiele aktiwiteite insluitend die speel en afrigting van rugby.

3. **Jurisdiksie**

3.1 Die Unie het jurisdiksie oor die klubs, en rugby-aangeleenthede binne die grense van die volgende munisipaliteite en dorpe: Albertinia, Beaufort-Wes, Calitzdorp, De Rust, George, Groot Brakrivier, Heidelberg, Herbertsdale, Knysna, Ladismith, Mosselbaai, Oudtshoorn, Plettenbergbaai, Prins Albert, Riversdal, Uniondale en Willowmore, met dien verstande dat hierdie jurisdiksie aangepas sal word soos SARU grense sal verander

3.2 Alle klubs of kombinasies van klubs binne die gebied soos in subparagraaf 3.1 omskryf en wat gevestig is met die doel om rugby te speel, moet die toestemming van die Unie daartoe verkry en moet by die Unie affilieer en onder sy beheer staan, en van sodanige klubs sal verwag word om hul grondwet en enige daaropvolgende veranderinge vir goedkeuring by die "Uitvoerende Komitee/Uitvoerende Bestuur" in te dien.

4. **Affiliasie**

4.1 Die Unie is by SARU geaffilieer.

4.2 Die Unie aanvaar en bly gebind aan die reëls van rugby, die beslissings van Wêreldrugby, soos van krag, die vertolking van die SARU van sodanige reëls en beslissings en enige ander reëls en beslissings van die SARU.

4.3 Alle geaffilieerde klubs of filiale of streke onder die regsbevoegdheid van die Unie sal deur sodanige affiliasie, uitdruklik of stilswyend, aanvaar dat hulle gebind is aan sowel hierdie Konstitusie as enige reglement wat verorden mag word en/of deur die Uitvoerende BestuursKomitee van die Unie van tyd tot tyd goedkeur mag word.

4.4 Die Unie is by magte om na goeddunke die stigting van enige klub, liga of kombinasies van klubs te oorweeg en daaroor te beslis.

4.5 Om as 'n klub te affilieer moet sodanige klub voldoen aan die volgende vereistes:

4.5.1 Oor 'n speelveld beskik, met die grootte soos deur die reëls vanWêreldrugby vasgelê, met 'n gelyk oppervlakte en met gras bedek.

4.5.2 Goeie aantrek- en stortgeriewe moet naby die veld vir spelers beskikbaar wees.

4.5.3 Die speelveld moet goed omhein wees, 5 meter van die veld grens om toeskouers van die veld te hou.

4.5.4 'n Superliga klub word gedefinieer as 'n klub wat drie (3) of meer spanne in die betrokke kompetisie het en wat volgens die Uitvoerende BestuursKomitee se aanbeveling vir die duur van die betrokke seisoen in die Superliga mag speel. Indien ‘n klub gedurende die seisoen nie daarin slaag om hierdie vereiste na drie agtereenvolgende wedstryde deur die loop van die betrokke seisoen na te kom nie, mag sodanige klub, na ondersoek en oorweging deur die Uitvoerende Bestuurskomitee in die huidige seisoen en/of die daaropvolgende seisoen hul betrokke status verloor. Dieselfde reël is van toepassing op alle klubs in hul onderskeie kompetisies, onder jurisdiksie van die Unie, bv. Eerste Liga klubs wat twee (2) of meer spanne vir hul kompetisie moet inskryf.

4.5.5 Nuwe klubs sal slegs in aanmerking kom vir affiliasie tot die Unie as dit nie ‘n herstigde klubs is nie

4.5.6 Die voorgenome bestuur, afrigtingskorps en spelers van die voornemende nuwe klub geen assosiasie met ñ bestaande klub binne die jurisdiksie van die Unie mag het vir ten minste 5 jaar voor aanvang van voorgenome klub se aansoek tot affilliasie na Unie nie;

4.5.7 Nuwe klubs se aansoek om affiliasie slegs oorweeg sal word mits die klub voldoen aan die vereistes daar gestel in klousule 4.5.6 en reeds beskik oor n Grondwet, notule van vergaderings waar Grondwet bespreek en aanvaar was, die nodige bankrekening.

4.5.8 Herstigde / ontbinde klubs se aansoek om toetrede tot die Unie sal nie oorweeg word nie.

4.5.9 Nuwe klubs se aansoeke moet voldoen aan die vereistes soos voorgeskryf deur nasionale wetgewing, en die van die Unie – dit bly die verantwoordelikheid van die applikant om te verseker dat dit nagekom word.

4.5.10 Geen lid van die Unie se Uitvoerende Bestuurskomitee mag genader word om te assisteer met n voornemende klub se aansoek nie.

4.5.11 Sou ñ voornemende klub hom skuldig maak deur klousule 4.5.10 te oortree, sal daardie klub se aansoek nie oorweeg word vir daardie jaar waarin die klub wou aansoek doen tot affiliasie nie.

4.5.12 Voornemende klub moet opgedateerde bewys kan lewer by wyse van 'n skrywe van die Munisipaliteit wat aandui dat hulle van geskikte fasiliteite voorsien sal word. Sou ‘n Klub na toetrede vir een of ander rede nie verdere gebruiskreg geniet van hul oorspronklike tuisfasiliteit soos aangedui op hul aansoek tot affiliasie nie, sal hul verdere deelname en lidmaatskap tot die Unie heroorweg word en kan sodanige lidmaatskap opgehef word.

4.5.13 By hul aansoek om toetrede tot die Unie, moet voornemende Klubs oor ‘n minimum van twee volledige wedstrydgroepe, ses en veertig (46) spelers beskik. Geen spelers mag oorgedra word vanaf bestaande Klubs binne SWDRVU vir ‘n periode van twee (2) jaar na toetrede nie, netso mag geen bestaande Klub spelers vanaf ‘n nuut geaffilieerde Klub oordra vir ‘n periode van twee (2) jaar na toetrede nie.

**4.6 Promosie, Relegasie en Affiliasie van klubs**

4.6.1 Affiliasie van enige klub word deur die Jaarvergadering goedgekeur, met dien verstande dat 'n twee-derde meerderheid van die wat teenwoordig is en stem vir sodanige affiliasie. Die promosie en relegasie van enige klubword deur die Uitvoerende Komitee op aanbeveling van Kompetisie komitee bespreek en goedgekeur binne die konteks van die kompetisie formaat vir ‘n betrokke seisoen

4.6.2 Enige aansoek om affiliasie vir die nuwe seisoen moet voor die 30ste dag van September by die Unie Algemene Bestuurder / Bestuurder Amateur Rugby ingedien word. Die Unie Algemene Bestuurder / Bestuurder Amateur Rugby sal ‘n afskrif van die aansoek aan die spesifieke streeksekretaris stuur en die aansoek verwys na die Streekbestuur en Kompetisie komitee vir ondersoek, oorweging en 'n aanbeveling aan die Uitvoerende Bestuur wat dit dan na oorweging sal verwys na die regulasie (nie in grondwet) en die Algemene Jaarvergadering van die Unie. Enige klub wat deur die loop van die betrokke seisoen wil aansoek doen om vriendskaplike wedstryde te speel, moet na die Uitvoerende Komitee verwys word vir besluitneming.

5 **Hoofkwartier**

Die hoofkwartier van die Unie is in George, waar alle Algemene Vergaderings van die Unie en van die Unie se Komitees gehou sal word met voorbehoud dat sodanige vergaderings met die toestemming van die Uitvoerende Bestuur na inagneming van kosteberekening op enige ander plek binne die regsgebied van die Unie gehou mag word.

6 **Seksie-indeling**

Die kompetisiestruktuur van die Unie bestaan uit 'n Super Liga, Eerste Liga, Karoo –en Kus Streek verdeel.

**7 Ampsdraers**

**7.1 Verkiesings grondslag**

7.1.1 Ampsdraers in enige hoedanigheid as lid van ‘n verteenwoordigende komitee van die Unie moet 'n geaffilieerde lid van 'n klub van die Unie wees, maar verteenwoordig nie die klub in so 'n komitee nie. Sodanige ampsdraer as lid van die komitee tree op in belang van die Unie en nie die klub by wie hy geaffilieer is nie. Sou daar ‘n botsing van belange ontstaan sal sodanige ampsdraer homself verskoon.

7.1.2 Slegs persone in goeie naam wat vir ’n minimum van vyf (5) jaar onmiddelik voorafgaande en aaneenlopend by klub strukture betrokke was en voldoen aan 7.1.5, mag in die posisie van President, Senior Vise-President of Junior Vise-President genomineer en verkies word. Sodanige betrokkenheid moet deur klub/-s geverifieer word.

7.1.3 Enige verkose lid van die Uitvoerende Bestuur kan by wyse van 'n mosie van wantroue van hul ampsdraer posisie verwyder word sodra die meerderheid van die stemgeregtigde lede daartoe instem.

7.1.4 Indien enige lid van sy posisie verwyder word in terme van 7.1.3, of bedank of onbevoeg word om sodanige pos te beklee, kan en moet die vakante posisie so gou doenlik op 'n Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Vergadering gevul word soos in die grondwet voorgeskryf, welke plaasvervanger slegs aangestel sal word tot die verstryking van die uitgetrede persoon se termyn.

7.1.5 Om verkiesbaar te word tot die Uitvoerende Bestuur (UB) van die Unie, moet kandidate vir meer as een (1) jaar op die bestuur van 'n klub gedien het onmiddelik voor die Algemene Jaarvergadering waar die verkiesing plaasvind. Indien die kandidaat verkies word tot die Uitvoerende Bestuur, moet hy/sy sy/haar posisie met onmiddellike effek ontruim by die klub.

Elke Uitvoerende Bestuurslid moet jaarliks sewe (7) dae voor die AJV sy bewys van affiliasie as 'n lid van sy klub aan die Unie Algemene Bestuurder / Bestuurder Amateurrugby voorlê.

Die dienende lede van die UB is ook verkiesbaar vir die UB in die AJV waar die verkiesing plaasvind.

**7.2 <u>President en Vise-Presidente</u>**

7.2.1 'n President soos op die Algemene Jaarvergadering verkies vir 'n termyn van vier (4) jaar. Die President sal nie vir meer as twee (2) agtereenvolgende termyne dien nie.

7.2.2 Twee Vise-Presidente (een as Senior Vise-President en een as Junior Vise-President), verkies vir 'n termyn van vier (4) jaar.Ten minste die posise van Junior Vise-President moet deur 'n vroulike persoon beklee word.

7.2.3 Tensy daar 21 dae voor die datum van die Jaarvergadering skriftelik van die nuwe nominasies deur 'n geaffilieerde klub kennis gegee word, word die vorige President en die Vise-Presidente outomaties herkies.

7.2.4 Die President, of in sy afwesigheid die Senior of die Junior Vise-President (in hierdie orde), tree as voorsitter op by alle vergaderings, behalwe vergaderings van Keurkomitees, Skeidsregters en Skole komitees. In die afwesigheid van beide die President en die twee Vise-Presidente, kies die vergadering 'n Voorsitter uit die lede wat teenwoordig is.

**7.3 <u>Uitvoerende Komitee</u>**

7.3.1 Die bestuur van die Unie word behartig deur die Uitvoerende Komitee, hiervoor en hierna die "Komitee" genoem, wat as volg saamgestel word:

7.3.1.1 Die President.

7.3.1.2 Die 2 (twee) Vise-Presidente.

7.3.1.3 3 (Drie) lede verteenwoordigend van die Superliga klubs.

7.3.1.4 3 (Drie) lede verteenwoordigend van die Eerste Liga klubs.

7.3.1.5 1 (Een) lid verteenwoordigend van elke streek, naamlik:

7.3.1.5.1 (Een) lid van die Karoostreek,

7.3.1.5.2 (Een) lid van die Kusstreek,

7.3.1.6 Die Voorsitter van die Skeidsregtersvereniging.

7.3.1.7 Die Voorsitters van die SWD Laerskole Rugbyvereniging en SWD Hoërskole Rugbyvereniging.

7.3.1.8 1 (Een) lid uit die sakesektor wat wat deur die Uitvoerende Komitee aangewys word met volle stemreg op die Uitvoerende Komitee.

7.3.1.9 Betrokke lede moet wees die Voorsitter van bogenoemde streke of gemelde Verenigings.

7.3.1.10 1 (Een) lid verteenwoordigend van Vrouerugby en Spesiale skole soos verkies deur die Uitvoerende Komitee met volle stemreg.

7.3.1.11 'n Ere-lid ('n persoon met meer as 10 (tien) jaar betrokkenheid by die Unie) kan deur die Uitvoerende Komitee met volle stemreg op die Uitvoerende Komitee gekoöpteer word.

7.3.2 Die lede in 7.3.1.3 en 7.3.1.4 word vir 'n termyn van 4 (vier) jaar verkies en die lede in 7.3.1.5 en 7.3.1.7 asook 7.3.1.10 se termyn word bepaal deur hul onderskeie grondwette.

7.3.3 Die lede in 7.3.1.3 en 7.3.1.4 genoem, word onmiddellik na afloop van elke Jaarvergadering gekies deur twee "Spesiale Komitees", elk bestaande uit:

7.3.3.1 1 (Een) verteenwoordiger van elke geaffilieerde Superliga klub in die een, en

7.3.3.2 1 (Een) verteenwoordiger van elke geaffilieerde Eerste Liga klub in die ander.

7.3.3.3 1 (Een) verteenwoordiger uit elke streek.

7.3.3.4 Elke Superliga klub en elke Eerste Liga klub nomineer sy eie verteenwoordiger op genoemde Spesiale Komitees.

7.3.4 'n Lid van die Uitvoerende Komitee mag nie op die Keurkomitee, of andersom, dien nie.

7.3.5 'n Mosie van wantroue teen enige lid van die Uitvoerende Komitee sal ingevolge Klousule 15 van die Grondwet aangespreek word.

**7.4 <u>Dagbestuur</u>**

Die Uitvoerende Komitee sal 'n dagbestuur uit hul eie geledere saamstel om spoedeisende take te behartig wat as volg saamgestel is:

7.4.1 Die President.

7.4.2 Minstens 1 (een) Vise-President.

7.4.3 1 (Een) Uitvoerende Komiteelid wat deur die volle Uitvoerende Komitee benoem word.

7.4.4 Die Algemene Bestuurder (AB) van die Unie.

7.4.5 'n Kworum sal drie (3) persone van die Dagbestuur komitee wees

7.4.6 Die Dagbestuur mag dringende uitvoerende besluite neem, maar moet by die daaropvolgende Uitvoerende Komitee vergadering volledig daaroor verslag lewer.

rugby@swdeagles.co.za
Ben Brinkhuis President
Veda Manie General Manager | Algemene Bestuurder

**7.5 Keurkomitees**

7.5.1 Die daarstelling en die funksionering van Keurkomitees is die uitsluitlike verantwoordelikheid van die Uitvoerende Komitee.

7.5.2 Voor die aanvang van elke seisoen moet die Uitvoerende Komitee besluit oor die struktuur en name van die onderskeie keurkomitees.

## 8 Magte van die Uitvoerende BestuursKomitee

Die "Komitee" het die volgende magte:

**8.1 Aanstelling van amptenare**

Die aanstelling van amptenare vir die uitvoering van die Unie se administratiewe en ander funksies en die vasstelling van sodanige amptenare se besoldiging.

**8.2 Toegangsgelde**

Om toegangsgelde na enige velde of persele waaroor die Unie beheer het, te vra en die toegangsgeld daarvan vas te stel (of te delegeer) en sodanige regulasies in verband met die toegang van die publiek, spelers en andere, soos hulle dit mag ag, op te stel.

**8.3 Beheer oor fondse**

Om, onderworpe aan enige besluit van enige Algemene Jaarvergadering, alleen beheer oor die fondse van die Unie uit te oefen en sal gemagtig wees om onroerende eiendom of roerende bates oor te dra, te verkoop of daarmee te handel of andersins van die hand te sit, en sal ten volle gemagtig wees om alle of enige die doelstellings van die Unie uit te voer en alle sake namens die Unie te doen.

**8.4 Delegering**

Om vir alle spesiale en dringende sake sy magte oor te dra aan ander sub-komitees (of te koöpteer), met of sonder volmag om handelend op te tree, en wat uit een of meer lede kan bestaan. So 'n sub-komitee moet op die volgende vergaderings of binne die tydperk soos deur die Komitee bepaal, verslag by die Komitee doen.

**8.5 Reëls en regulasies**

Om besluite te neem, wat die krag van reels en regulasies sal hê, mits sulke besluite nie in stryd is met bestaande reëls, regulasies en beslissings en die wette wat sport beheer nie. Alle besluite en beslissings van die Komitee sal van krag wees totdat hulle deur daardie of enige daaropvolgende Komitee of deur 'n Algemene Jaarvergadering herroep of verander word. Die Komitee het ook, die uitsluitlike jurisdiksie om Reëls en Regulasies te wysig of aanpas ten einde die spel rugby te bevorder. Sodanige wysiging kan geskied op aanbeveling van die Unie se Regs of Dissiplinêre Komitee.

**8.6 Onsportiewe gedrag**

Ingeval van enige beweerde wangedrag (welke wangedrag die naam van die Unie of die spel van rugby nadelig kan affekteer of in disrepuut kan bring) of oortreding van enige reël of regulasie van die Unie, SARU of

Wêreldrugby, deur 'n speler/lid, of ampsdraer van die Unie, of te wel op die veld of nie, sal die Algemene Bestuurder ondersoek instel en die uitslag van sodanige ondersoek aan die aangewese subkomitee (Dissiplinêre Komitee) voorlê vir oorweging. Indien die subkomitee van mening is dat die klagte geldig is en dat daar genoegsame bewyse beskikbaar is vir 'n suksesvolle vervolging, sal die Algemene Bestuurder 'n klagte staat voorberei soos neergelê in die dissiplinêre kode of prosedure en die dissiplinêre komitee sal 'n tugpaneel aanwys om die saak aan te hoor.

Indien die Dissiplinêre Komitee van mening is dat die oortreding van 'n ernstige aard is dat die voortgesette deelname van die klub en/of persoon in die aktiwiteite van die Unie nadelig sal wees vir die Unie, mag die Dissiplinêre Komitee of Uitvoerende Komitee sodanige klub of speler/lid onder onmiddellike skorsing plaas en sulke klub/persoon word dan verbied om in enige aktiwiteite van die Unie deel te neem. Indien enige klub/persoon ontevrede is met so 'n besluit met betrekking tot skorsing, mag hy/hulle onmiddellik skriftelik appèl aanteken teen so 'n besluit op die wyse in die Dissiplinêre Kode voorgeskryf, met dien verstande dat sodanige appèl aangehoor sal word binne 'n tydperk van 72 (twee en sewentig) uur na die geskorsde party skriftelik daarvan kennis gekry het. Die betrokke appèl aansoekfooi sal steeds van toepassing bly.

**8.7 <u>Skorsing</u>**

8.7.1 Om enige klub, span of speler te skors of van lidmaatskap te onthef wat:

8.7.1.1 'n Wedstryd speel saam met of teen enige klub of span wat geskors of van lidmaatskap ontslaan is;

8.7.1.2 Saam met of teen enige span of klub speel wat uit die kern van enige geskorste span of klub gevorm is;

8.7.1.3 Saam met of teen enige span of klub speel wat nie by die Unie geaffilieer is nie volgens die diskresie van die bestuurder van die Unie;

8.7.1.4 Saam met of teen enige klub of span speel wat beroepspelers insluit in stryd metWêreldrugby se reëls;

8.7.1.5 Spelers insluit wat om enige rede deur hierdie Unie of die SARU geskors is;

8.7.1.6 geskors is om enige rede deur die Komitee besluit.

8.7.2 Skorsing behels vir klubs

8.7.2.1 Die klub mag nie aan oefeninge of wedstryde binne of buite die grense van die Unie deelneem nie, asook aan enige amptelike aktiwiteite van die Unie nie.

8.7.2.2 indien skorsing oor die tydperk van die Algemene Jaarvergadering val, verloor die klub stemreg

8.7.3 Skorsing behels vir spelers

8.7.3.1 Die speler of betrokke lid mag nie aan oefeninge of wedstryde binne of buite die grense van die Unie deelneem nie, asook aan enige amptelike aktiwiteite van die Unie nie

8.7.4 Skorsing vir 'n seisoen beteken skorsing vir 'n betrokke jaar wanneer die betrokke seisoen ten einde loop.

**8.8 Kompetisie beheer**

Om volle beheer uit te oefen oor die Unie se verskillende kompetisies en in besonder wat betref:

8.8.1 Aansoeke om toelating;

8.8.2 die datums waarop wedstryde afspeel;

8.8.3 die indeling van die kompetisie in streke;

8.8.4 Klagtes en enige ander aangeleentheid wat op die kompetisies betrekking het, te oorweeg en af te handel.

**8.9 Verering**

Om by die Algemene Jaarvergadering persone wat prysenswaardige diens aan die spel rugby gelewer het, aan te beveel om as lewenslange Ere-Presidente van die Unie gekies te word, met dien verstande dat sodanige verkiesing eenparig goedgekeur word deur die afgevaardigdes wat teenwoordig is en stem by die Algemene Jaarvergadering waarop sodanige aanbeveling gedoen word.

**8.10 Ander aangeleenthede**

Om enige ander aangeleentheid wat in verband staan met die Unie se werksaamhede en waarvoor daar nie spesifiek in hierdie Konstitusie met sy reëls en regulasies voorsiening gemaak is nie, te bevestig.

**8.11 Vergaderings van die Uitvoerende Komitee**

8.11.1 Vergaderings van die Komitee word belê in opdrag van die President of op besluit van die Komitee;

8.11.2 Vergaderings van die Komitee moet ten minste een maal elke 2 (twee) maande gehou word gedurende die rugbyseisoen.

8.11.3 Die posisie van ‘n lid van die Uitvoerende Bestuurs Komitee sal vakant raak indien:

8.11.3.1 die lid die Komitee skriftelik in kennis stel van sy bedanking;

8.11.3.2 die lid fisies of psigies medies onbevoeg raak om lid van die Komitee te wees;

8.11.3.3 die mandaat van ‘n lid wat ‘n geaffilieerde lid verteenwoordig, onttrek is;

8.11.3.4 die lid versuim het om drie (3) agtereenvolgende vergaderings van die Komitee by te woon sonder om geldige en aanvaarbare skriftelike redes aan die Komitee te verskaf vir sy/haar nie-bywoning; of

8.11.3.5 die lid as gevolg van ‘n mosie van wantroue teen hom, verwyder is.

## 9 Vergaderings

**9.1 Algemene Jaarvergaderings (AJV)**

9.1.1 Die AJV word elke jaar nie later as die laaste Saterdag van November gehou nie.

9.1.2 'n Skriftelike kennisgewing en agenda van die AJV moet minstens 14 (veertien) dae voor die AJV aan alle geaffilieerde klubs, streke en ander stemgeregtigdes gestuur word.

9.1.3 'n Behoorlike kennisgewing van die AJV moet minstens 14 (veertien) dae voor die AJV in die pers verskyn.

9.1.4 Die agenda wat op die AJV afgehandel moet word is as volg :

9.1.4.1 Opening en verwelkoming

9.1.4.2 Mosies van roubeklaag en gelukwensing

9.1.4.3 Konstituering van vergadering

9.1.4.3.1 Geloofsbriewe

9.1.4.3.2 Vasstelling van stemkrag

9.1.4.4 Ordereëling oor sluiting van agenda

9.1.4.5 Aanvaarding en ondertekening van die notules van enige vorige AJV;

9.1.4.6 Oorweging van die President se jaarverslag;

9.1.4.7 Oorweging van mosies en enige ander aangeleentheid, waarvan behoorlik kennis gegee is 1 (een) kalendermaand voor die AJV;

9.1.4.8 Affiliasie van nuwe klubs;

9.1.4.9 Geouditeerde Finansiële state van die Unie se vorige finansiële jaar, kan op ‘n Spesiale Vergadering van die Unie bespreek en goedgekeur word.

9.1.4.10 Verkiesing

9.1.4.10.1 President

9.1.4.10.2 Senior Vise President

9.1.4.10.3 Junior Vise President

9.1.4.10.4 Lewenslange Ere Presidente

9.1.4.10.5 Agevaardigdes na vergaderings van die SARU

9.1.4.10.6 Drie (3) lede verteenwoordigend van Superliga klubs

9.1.4.10.7 Drie (3) lede verteenwoordigend van Eerste Liga klubs

9.1.4.11 Wysigings aan die Grondwet

9.1.4.12 Algemene Sake

9.1.4.13 Afsluiting

**9.1.5 <u>Afgevaardigdes en verteenwoordigers</u>**

9.1.5.1 Verteenwoordiging by die AJV is soos volg

9.1.5.1.1 Superliga klubs: 1 (een) stemgeregtigde per klub;

9.1.5.1.2 Eerste Liga klubs: 1 (een) stemgeregtigde per klub;

9.1.5.1.3 Karoostreek: 7 (sewe)stemgeregtigdes;

9.1.5.1.4 Kusstreek: 7 (sewe) stemgeregtigdes;

9.1.5.1.5 Uitvoerende Komitee (soos vorige jaar gedien): 1 (een) stem elk;

9.1.5.1.6 SWD Hoërskole Unies: 1 (een) stemgeregtigde;

9.1.5.1.7 SWD Laerskole Unies: 1 (een) stemgeregtigde.

9.1.5.1.8 Die Sakeman: 1 (een) stemgeregtigde;

9.1.5.1.9 Vroue Rugby: 1 (een) stemgeregtigde;

9.1.5.1.10 Spesiale Skole: 1 (een) stemgeregtigde;

9.1.5.2 Elke Superliga klub, Eerste Liga klub en streek moet die Sekretaris van die Unie 14 (veertien) dae voor die AJV skriftelik in kennis stel van die name van sy afgevaardigdes na die AJV.

9.1.5.3 Geen persoon wie se naam nie so skriftelik deur sy klub of streek meegedeel is nie, sal toegelaat word om aan enige besprekings op sodanige vergaderings deel te neem nie, tensy die ander afgevaardigdes eenparig daartoe ingewillig het.

9.1.5.4 'n Superliga klub en 'n Eerste Liga klub mag 'n gevolmagtigde aanstel in die plek van 'n afgevaardigde wat dit onmoontlik vind om 'n AJV by te woon, met dien verstande dat 'n skriftelike kennisgewing te dien effekte ingedien word ingevolge die vereiste van sub-paragraaf 9.1.5.2 hiervan.

**9.2 <u>Algemene Jaarvergadering: Streke</u>**

Elke streek hou sy Jaarvergadering voor die Algemene Jaarvergadering van die SWDRVU volgens sy grondwet.

**9.3 <u>Spesiale Algemene Vergadering</u>**

9.3.1 'n Spesiale Algemene Vergadering moet belê word by ontvangs van 'n skriftelike versoek gerig aan die Algemene Bestuurder / Bestuurder Amateurrugby van die Unie (onderteken deur nie minder as 10 (tien) Superliga, en/of Eerste Liga klubs en beide van die 2 (twee) Streke se meerderheid bestuurslede. Sodanige geskrewe versoek moet die doel waarvoor die Spesiale Algemene Vergadering versoek word, duidelik uiteensit.

9.3.2 'n Spesiale Algemene Vergadering mag ook belê word deur die President, of, in sy afwesigheid die Senior Vise President of deur die meerderheid van die "Uitvoerende BestuursKomitee".

9.3.3 'n Skriftelike kennisgewing van enige Spesiale Algemene Vergadering moet minstens 14 (veertien) dae voor die tyd aan alle geaffilieerde klubs, streke en ander stemgeregtigdes gestuur word.

9.3.4 Die skriftelike kennisgewing moet die aangeleenthede wat op so 'n vergadering bespreek sal word vermeld. Geen ander sake, behalwe waarvoor kennis gegee is, mag op die Spesiale Algemene Vergadering bespreek word nie.

9.3.5 Verteenwoordiging by die Spesiale Algemene Vergadering geskied op die grondslag soos wat vir die AJV van toepassing is (sien klousule 9.1.5).

9.3.6 Mosie van wantroue teen Uitvoerende Komitee lede mag op Spesiale Algemene Vergaderings bespreek en daaroor gestem word.

9.3.7 Verkiesing van ampsdraers (soos verkies by ‘n Algemene Jaarvergadering) mag ook op ‘n Spesiale Algemene Vergadering gedoen word onderworpe aan 9.3.1 – 9.3.5.

**9.4 <u>Voorsitters Forum</u>**

9.4.1 Die Voorsitters Forum bestaan uit al die Voorsitters of Presidente van klubs van die Unie of hulle gevolmagtigdes.

9.4.2 Die President van die Unie, of in sy afwesigheid die Senior Vise-President van die Unie, of in sy afwesigheid die Junior Vise-President van die Unie, sal as voorsitter van die Forum optree. Indien geeneen van die voorgenoemde beskikbaar is nie sal die voorsitter deur die vergadering aangewys word.

9.4.3 Die Voorsitters Forum sal ten minste 3 (drie) keer per jaar vergader om algemene rugbysake te bespreek en aanbevelings te maak aan die Uitvoerende Bestuurs Komitee.

**9.5 <u>Kworums</u>**

Die kworum vir enige:

9.5.1 AJV/ SAV is een- derde van die stemgeregtigdes;

9.5.2 Uitvoerende Bestuurs Komitee vergadering is die helfte plus 1 (een) van die totale stemgeregtigde lede;

9.5.3 Keurkomitee vergadering is 3 (drie) lede.

9.5.4 Indien binne dertig (30) minute na die geskeduleerde begin tyd vir ‘n Algemene Jaar Vergadering / Spesiale/Algemene Vergadering en Uitvoerende Bestuurs Komitee vergadering , ‘n kworum nie bereik is nie sal die vergadering verdaag. In die geval van ‘n verdaagde Algemene Jaar Vergadering / Spesiale/Algemene Vergadering / Uitvoerende Bestuurs Komitee vergadering sal die lede teenwoordig kan besluit om die vergadering op dieselfde dag te hou. Daar moet egter twee derde meerderheid van die aanwesiges ten gunste van so ‘n besluit wees, die aantal aanwesiges sal dan ‘n kworum wees.

**9.6 <u>Stemming by vergaderings</u>**

9.6.1 Alle aangeleenthede wat op enige Algemene of Spesiale vergadering van die Unie behandel word, word beslis deur stemming en, tensy anders bepaal, geld ‘n volstrekte meerderheid, dit wil sê 50% + 1 (vyftig persent plus een). Elke Superliga klub het een (1) stem, elke Eerste Liga klub 1 (een) stem, elke streek 7 (sewe) stemme en elke Uitvoerende Komiteelid, soos op 31 Desember van die vorige jaar, 1 (een) stem.

9.6.2 By enige Komitee- of ander vergadering het elke verkose lid 1 (een) stem.

9.6.3 Die voorsitter van SWD Laerskole Rugbyvereniging en die voorsitter van die SWD Hoërskole Rugbyvereniging het elkeen 1 (een) stem in die Komitee.

9.6.4 Die Sakeman, Vroue en Spesiale Skole verteenwoordigers het elkeen een (1) stem in die Komitee.

9.6.5 Die Voorsitter van alle vergaderings het sowel 'n gewone as 'n beslissende stem.

9.6.6 Tydens ‘n Algemene of Spesiale Algemene Vergadering besluit die Voorsitter wanneer stemming deur middel van geslote stembriefies of deur die opsteek van hande sal geskied, tensy anders besluit deur 'n twee-derde meerderheid van die stemgeregtigdes teenwoordig.

9.6.7 Alle ampsdraers tydens ‘n Algemene of Spesiale Algemene Jaarvergadering moet deur middel van geslote stembriefies en 'n volstrekte meerderheid verkies word.

9.6.8 Geen afgevaardigde/verteenwoordiger van Klubs en Assosiasie lede, uitgesluit lede van die Uitvoerende BestuursKomitee, sal sonder ‘n geloofsbrief van sy/haar Klub/Instansie bogenoemde vergaderings kan bywoon nie. Hierdie brief moet deur die Voorsitter/Sekretaris van die Klub/ Assosiasie onderteken word. Enige proxys moet ook skriftelik, geonderteken, ingedien word.

## 10 <u>Finansies</u>

### 10.1 <u>Finansiële jaar</u>

Die finansiële jaar van die Unie strek van 1 Januarie tot 31 Desember van elke jaar.

### 10.2 <u>Subskripsies</u>

10.2.1 Elke geaffilieerde Superliga klub, Eerste Liga klub en Streek moet die jaarlikse subskripsie wat by die AJV bepaal word, onmiddellik na die AJV en nie later nie as 31 Januarie aan die Unie betaal.

10.2.2 Enige Superliga klub, Eerste Liga klub of streek wat in gebreke bly om sy subskripsiegelde aldus te betaal, sal nie toegelaat word om aan enige kompetisie van die Unie deel te neem nie of sitting van enige vergadering te neem nie.

### 10.3 <u>Bankrekening</u>

'n Bankrekening word in die naam van die Unie geopen en betaling geskied deur middel van elektroniese fonds oorplasings (EFO’s), onderteken deur sodanige beamptes wat vir hierdie doel deur die Komitee van tyd tot tyd aangestel is.

### 10.4 <u>Ondertekening van dokumente</u>

Alle prokurasies, kontrakte en ander soortgelyke dokumente word namens die Unie deur die President en 'n Vise-President of 'n lid van die Uitvoerende Komitee en die Algemene Bestuurder onderteken.

### 10.5 <u>Ouditering</u>

Die boeke en rekeninge van die Unie word na afloop van die finansiële jaar geouditeer deur een of meer ouditeure wat onmiddellik na die AJV op ‘n jaarlikse basis deur die Komitee aangestel word.

### 10.6 <u>Reiskoste eise</u>

10.6.1 Alle reiskoste ten opsigte van spelers (behalwe gekontrakteerde spelers) wat deelneem aan provinsiale en nasionale wedstryde, lede van die Uitvoerende Komitee van die Unie en die Skeidsregtersvereniging, lede van die Keurkomitee en die Unie se verteenwoordigers in die SARU word vasgestel deur die Komitee en hersien soos dit nodig word.

10.6.2 Alle reis-eise (uitsluitende skeidsregters en gekontrakteerde spelers) moet skriftelik en so gou as moontlik by die Unie se Sekretaris ingehandig word.

10.6.3 Alle reis-eise van skeidsregters moet via die Skeidsregtervereniging se tesourier by die Unie se Finansiële Bestuurder ingedien word, vir betaling aan die SWD Skeidsregtervereniging.

10.6.4 Geen eise wat na 30 Oktober ingedien word deur provinsiale afrigters en/of klubs namens hul spelers wat betrekking het op die betrokke seisoen, sal uitbetaal word nie.

## 11 Kleure, toekennings en kriteria

11.1 Wedstryd en nie-wedstryddrag van spelers en ampsdraers wat die Unie verteenwoordig

### 11.1.1 Senior Arende Span

11.1.1.1 'n Wapen (hierna die Arende wapen genoem) met 'n rugbybal as agtergrond en 'n arend met gespreide vlerke op die voorgrond met die woord "Arende" onder die wapen.

11.1.1.2 'n Trui soos deur die Uitvoerende Bestuur bepaal met die Arende wapen op die bors, wit broek eenvormige kouse. (Vir spesiale reekse mag die kleure aangepas word vir borg doeleindes.)

11.1.1.3 'n Unie-baadjie/trui met die Arende wapen op die linker bors soos deur die Uitvoerende Bestuur bepaal.

11.1.1.4 'n Unie-das waarop die Unie-wapen verskyn.

11.1.1.5 'n Speler wat deur die Unie gekontrakteer is of die Arende verteenwoordig in 'n amptelike kompetisie van SARU, verwerf Arende/Unie- kleure.

### 11.1.2 Provinsiale 0/21 span

11.1.2.1 'n Wapen soos onder 11.1.1.1 hierbo, maar met die letters "SWD O/21" onder die wapen.

11.1.2.2 'n Trui soos deur die Uitvoerende Bestuur bepaal met die Arende wapen op die bors, wit broek en eenvormige kouse. (Vir spesiale reekse mag die kleure aangepas word vir borg doeleindes.)

11.1.2.3 'n Unie-baadjie/trui met die Arende wapen op die linker bors soos deur die Uitvoerende Bestuur bepaal.

11.1.2.4 'n Unie-das waarop die Arende wapen verskyn.

11.1.2.5 'n Speler wat die Unie in 3 (drie) wedstryde verteenwoordig het, verwerf unie-kleure. (Vir doeleindes hiervan beteken verteenwoordiging ook 'n plaasvervanger van 'n gekose speler vir welke rede ook al.)

### 11.1.3 SWD 7's

11.1.3.1 'n Wapen met "SWD 7's" onder die wapen.

11.1.3.2 'n Trui soos deur die Uitvoerende Bestuur bepaal met die Arende wapen op die bors, wit broek en eenvormige kouse. (Vir spesiale reekse mag die kleure aangepas word vir borg doeleindes.)

11.1.3.3 'n Unie-baadjie/trui met die Arende wapen op die linker bors soos deur die Uitvoerende Bestuur bepaal.

11.1.3.4 'n Unie-das waarop die Arende wapen verskyn.

11.1.3.5 'n Speler wat die Unie in 3 (drie) wedstryde verteenwoordig het, verwerf unie-kleure. (Vir doeleindes hiervan beteken verteenwoordiging ook 'n plaasvervanger van 'n gekose speler vir welke rede ook al.)

**11.1.4 SWD Vrouespan**

11.1.4.1 'n Wapen met "SWD Eagirls" onder die wapen

11.1.4.2 'n Trui soos deur die Uitvoerende Bestuur bepaal met die Arende wapen op die bors, wit broek en eenvormige kouse. (Vir spesiale reekse mag die kleure aangepas word vir borg doeleindes.)

11.1.4.3 'n Unie-baadjie/trui met die Arende wapen op die linker bors soos deur die Uitvoerende Bestuur bepaal.

11.1.4.4 'n Unie-das waarop die Arende wapen verskyn.

11.1.4.5 'n Speler wat die Unie in 3 (drie) wedstryde verteenwoordig het, verwerf unie-kleure. (Vir doeleindes hiervan beteken verteenwoordiging ook 'n plaasvervanger van 'n gekose speler vir welke rede ook al.)

'n Wedstryd beteken dat 'n speler ten minste 40 (veertig) minute aaneenlopend op die veld moet wees, hetsy in die beginspan of as plaasvervanger.

11.2 **<u>SWDRVU Ampsdraers: Bestuur kleurbaadjie</u>**

11.2.1 Die Unie-kleurbaadjie, maar met die woorde "SWD Bestuur" onder die sakwapen.

11.2.2 Persone wat 1 (een) jaar of langer op die Komitee of Keurkomitee gedien het, is geregtig om 'n SWD Bestuur baadjie en Unie-das te bekom.

11.2.3 Voormalige komiteelede, keurkomiteelede, oudspelers en SWD Ondersteunersgroepe en Veterane Groepe soos erken deur die Komitee, moet skriftelik aansoek doen by die Uitvoerende Bestuur alvorens 'Ere-kleure' toegeken kan word.

11.2.4 Die toekening van 'Ere kleure' is die Uitvoerende Bestuur se prerogatief, en kan op verdienstelike voorwaardes toegeken word.

**11.3 <u>Kleure van klubs</u>**

11.3.1 Alle klubs (insluitende klubs van die streke wat aan die Unie se kompetisies deelneem) moet hul kleure by die SWDRVU registreer en sodanige kleure moet deur die Algemene Bestuurder goedgekeur word.

11.3.2 Enige klub wat verlang om sy kleure te verander, moet eers die goedkeuring van die Algemene Bestuurder daartoe verkry op voorwaarde dat die kleure nie bots met ‘n bepaalde klub se kleure nie.

11.4 Die wedstryd en nie-wedstryddrag hierbo na verwys mag met magtiging van die Uitvoerende Komitee aangepas word.

**12 Dissiplinêre Prosedures**

12.1 Dissiplinêre, Tugpaneel en ‘n Appèlkomitee soos voorgeskryf in die aangehegte prosedure handleiding, sal saamgestel word en sal funksioneer volgens die voorskrifte in die prosedure handleiding.

12.2 Die aangehegte voorskrifte van die SWDRVU vorm deel van die hierdie Grondwet as grondwetlike bylae, en herroep die vorige Judisiële voorskrifte en Regulasies van SWDRVU. Indien enige konflik of onsekerheid teenoor SARU en Wêreldrugby voorskrifte sal laasgenoemde voorskrifte voorkeur geniet.

12.3 Vir die volgende dissiplinêre aangeleenthede is Regulasie 17 van Wêreldrugby, mutatis mutandis, soos gewysig deur die Judisiële voorskrifte en Regulasies van SWDRVU, van toepassing:

- 12.3.1 Wanneer ‘n speler ‘n rooi kaart ontvang.
- 12.3.2 Wanneer ‘n speler gesiteer word vir ongeoorloofde spel.
- 12.3.3 Wanneer ‘n speler 3 (drie) geelkaarte ontvang in dieselfde kompetisie.
- 12.3.4 Wanneer ‘n speler, persoon of klub skuldig is aan wangedrag of wanbestuur.

12.4 Vir die volgende aangeleenthede is Regulasie 18 van Wêreldrugby, mutatis mutandis, van toepassing, soos gewysig deur die Judisiële voorskrifte en regulasies van die SWDRVU:

- 12.4.1 oortreding van die SWDRVU konstitusie;
- 12.4.2 oortreding van die SWDRVU regulasies;
- 12.4.3 oortreding van besluite geneem deur die Komitee en/of die AJV.

12.5 Enige klagtes van beweerde wangedrag teen die Voorsitters van die onderskeie Verenigings / Streke of enige ander lid wie lid sittingsreg op die Uitvoerende BestuursKomitee geniet, sal deur die President en /of Uitvoerende Komitee verwys word na die Dissiplinêre Komitee van die Unie vir hantering.

**13 Beserings**

13.1 Die Unie aanvaar geen aanspreeklikheid ten opsigte van beserings of skade wat deur enige spelers of beampte of toeskouer in of tydens 'n Provinsiale of enige wedstryde wat onder die jurisdiksie van die Unie afgespeel word, opgedoen word nie.

13.2 Die beserings fonds van die Unie is slegs van toepassing op spelers van die geaffilieerde klubs in wedstryde wat deur die Unie erken word. (Spelers wat die Unie in enige amptelike wedstryd verteenwoordig.)

**14 Wysiging van die Konstitusie**

14.1 Hierdie Konstitusie mag nie gewysig of herroep word nie, tensy daartoe gemagtig deur ten minste twee-derdes van die stemgeregtigde lede wat teenwoordig is by 'n Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Vergadering.

14.2 Geen wysiging en/of herroeping mag aan die Konstitusie ingevolge sub-paragraaf 14.1 gemaak of aangebring word nie, tensy kennisgewing van sodanige wysiging en/of herroeping minstens een-en-twintig dae voor die Algemene Jaar- of Spesiale Algemene Vergadering waarop sodanige wysiging en/of herroeping bespreek sal word, aan die Unie Algemene Bestuurder / Bestuurder Amateurrugby en behoorlik aan alle stemgeregtigdes voorgelê word.

14.3 Die SWDRVU se Grondwet is onderhewig aan die Grondwet van SARU en Wêreldrugby en mag nie bepalings bevat wat teenstrydig is met die SARU en/of Wêreldrugby grondwet en/of Regulasies nie. Enige konflik wat mag ontstaan ten opsigte van die uitleg, stilte of interpretasie van die Unie se Grondwet sal SARU en die Wêreldrugby Grondwet voorkeur geniet.

14.4 Geen bepaling in enige Klub, Assosiasie of Lid se Grondwet sal strydig wees met enige bepalings wat in die Unie se Grondwet vervat is nie. In die geval van ‘n bestaande konflik, sal die strydige bepaling in die lid se Grondwet as pro non scripto (nie geskryf) geneem word en die Unie se Grondwet sal oorheers.

**15 Mosie van wantroue**

15.1 ‘n Mosie van wantroue in die Uitvoerende Bestuurs Komitee of enige inividuele lid wat deur die AJV of SAV verkies is, mag slegs by ‘n Spesiale Algemene Vergadering (SAV) ingedien en hanteer word.

15.2 Geskrewe kennisgewing (ten minste 21 dae voor genoemde vergadering) moet gegee word aan die Algemene Bestuurder / Bestuurder Amateurrugby met volledige motivering en redes daarvoor. ‘n Minimum van 30 % (dertig persent van alle stemgeregtigdes wie kwalifiseer om te stem, moet die aanvanklike mosie van wantroue onderteken (die Voorsitter en Sekretaris van elke Klub / Streek). Twee derdes (2/3) van die stempersentasie teenwoordig by die vergadering sal vereis word om sodanige mosie suksesvol aan te neem.

15.3 ‘n SARU afgevaardigde moet teenwoordig wees met die hantering van ‘n mosie van wantroue. Betrokke SARU afgevaardigde moet ook as Voorsitter van die spesifieke SAV optree.

**16 Maatskappy**

16.1 Die Uitvoerende Bestuurs Komitee het die gesag om korporatiewe entiteite te stig, te registreer en te bestuur, insluitend maar nie beperk nie tot private maatskappye, met die doel om ekwiteitsbelange in kommersiële ondernemings te verkry, te hou of te versprei wat in lyn is met die doelstellings van die Unie.

16.2 Die registrasie van enige maatskappy kragtens hierdie klousule moet

16.2.1 Goedgekeur word deur 'n tweederdemeerderheid van die Uitvoerende Bestuurs Komitee;

16.2.2 Belyn met die strategiese doelwitte en finansiële belange van die Unie;

16.2.3 Voldoen aan alle toepaslike nasionale wette en regulasies wat korporatiewe entiteite en aandelebesit reguleer

16.3 Die Uitvoerende Bestuurskomitee kan:

16.3.1 Ekwiteit aan derdeparty-entiteite deur die geregistreerde maatskappy verkoop;

16.3.2 Sluit gesamentlike ondernemings, vennootskappe of ander ekwiteitsgebaseerde reëlings aan;

16.3.3 Ken dividende of opbrengste uit aandelebesit toe om rugbyontwikkeling en Unie-bedrywighede te ondersteun.

16.4 Die doel van die maatskappy sal wees om die professionele been van die Unie te bestuur en sal insluit:

16.4.1 Die vestiging en beskerming van die Unie naam

16.4.2 Om alle verkope te hanteer

16.4.3 Om borge en amptelike verskaffers te bekom

16.4.4 Om mediaregte te onderhandel

16.4.5 Om die professionele been van rugby te bemark

16.4.6 Toere, toernooie en kompetisies van professionele rugby te reël

16.4.7 Aanstelling van die Senior Afrigter en Bestuurspan

16.4.8 Onderhandeling en sluiting van spelerskontrakte

16.4.9 Op ‘n gereelde basis oorleg pleeg en verslag doen aan SWDRVU Uitvoerende Komitee

16.4.10 Om ‘n samewerkingsooreenkoms met SWDRVU te sluit

16.5 Die Maatskappy sal bestuur word kragtens die statute van die Maatskappy en die aandeelhouers ooreenkoms.

16.6 **<u>Ontbinding en herorganisasie</u>**

16.6.1 Die Uitvoerende Bestuurs Komitee kan enige maatskappy wat kragtens hierdie klousule geregistreer is, ontbind of herorganiseer, onderhewig aan dieselfde goedkeurings- en verslagdoeningsvereistes soos hierbo uiteengesit.

## 17 <u>Interpretasie</u>

17.1 Indien hierdie Grondwet vertaal word in of meer ander tale, sal die Afrikaanse weergawe seëvier in geval van enige teenstrydigheid tussen dit en enige ander weergawe hiervan.

17.2 Die interpretasie van hierdie Grondwet asook alle reëls, regulasies en besluite hieronder geneem is die verantwoordelikheid van die Uitvoerende Bestuurskomitee welke interpretasie finaal en bindend sal wees tensy dit deur ‘n behoorlik gemagtigde Arbiter of ‘n Hof tersyde gestel of gevarieerd word.

**18 Ontbinding**

18.1 Die Unie mag om geldige rede ontbind word deur 'n resolusie wat aanvaar word by 'n Spesiale Algemene Vergadering wat vir daardie doel byeengeroep is, mits sodanige resolusie aanvaar word deur 'n meerderheid van vyf en sewentig present (75%) van die lede teenwoordig en wat geregtig is om by sodanige vergadering te stem, en sodanige resolusie by 'n Spesiale Algemene Vergadering wat nie minder nie as dertig (30) dae later gehou word nie, bevestig word deur 'n meerderheidstem van lede wat geregtig is om teenwoordig te wees en te stem.

18.2 Met die ontbinding sal die bates van die Unie wat oorbly nadat al sy laste bevredig is, gegee of oorgedra word aan 'n nie-winsgewende organisasie of instansie met oogmerke wat soortgelyk is aan die oogmerke van die Unie, om bepaal te word deur die lede van die Unie by die tweede Spesiale Algemene Vergadering, en indien dit nie dan bepaal kan word nie, dan deur die Hooggeregshof.

**Eenparig aanvaar te** George **deur die geaffilieerde lede van die SWD Rugby Voetbalunie op 'n ~~Algemene Jaarvergadering~~** VM **/ Spesiale Algemene Vergadering van die Unie op hierdie** 17de **dag van** Februarie **2026.**

**GETEKEN TOT BEVESTIGING DAT HIERDIE GRONDWET BEHOORLIK AANVAAR WAS:**

........................................

**Mnr Benjamin Brinkhuis**
**SWDRVU President**
**Datum:** 17 February 2026

........................................

**Mev Veda Manie**
**Algemene Bestuurder**
**Datum:** 17 Februarie 2026